

VERTAAL DEUR



LIGHT IN DARKNESS

LEER HOE OM DIE BYBEL TE STUDEER - UIT DIE BYBEL UIT

Wanneer ons genader word met doktrine, sal dit goed wees om 'n metode van Bybelstudie te hê waarmee ons kan bepaal wat waarheid is.

2 Timótheüs 2:15 "Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny."

* Die Skrifte beveel ons nie net om te studeer nie maar ook om die woord van waarheid _____ te _____

Die Bybel moet die reel van geloof wees. Dus moet ons dit studeer vir ons self met die Heilige Gees as ons gids.

Johannes 16:13 Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.

* Die Heilige Gees sal ons lei in die _____ .

Handelinge 17:11 En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was.

* Ons moet die skrifte ondersoek om te bepaal of _____

Grawe diep. Sit Voort kwaliteit tyd en moeite.

Matthéüs 7:7 Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.

Spreuke 2:3-5 ja, as jy na die insig roep, na die verstand jou stem verhef, as jy daarna soek soos na silwer en dit naspeur soos verborge skatte, dan sal jy die vrees van die HERE verstaan en die kennis van God vind

* Ons moet Waarheid naspeur (soek) soos na _____ .

Die Bybel is Sy eie uitlêer. Een gedeelte sal bewys dat dit n sleutel is om 'n ander gedeelte te ontsluit, en op hierdie manier lig werp op 'n verborge betekenis van die woord. Deur verskillende tekste te vergelyk op dieselfde onderwerp, en om hul invloed van elke kant af te besigtig, sal die ware betekenis van die skrif duidelik gemaak word.

1 Korinthiërs 2:12-14 Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het. Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk. Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.

Jesaja 28:9-11 Vir wie wil hy dan kennis leer, en vir wie wil hy die openbaring verstaanbaar maak? Vir die wat van die melk gespeen, wat van die moederborste weggeneem is? Want dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie. Ja, Hy sal deur lippe wat hikkel, en deur 'n vreemde tong met hierdie volk spreek,

“Wend jouself heeltemal tot die skrifte aan, en die skrifte heeltemal tot jou”
- Johann Albrecht Bengel

Baie van die Bybel is geskryf in prente, dus n fisiese siekte, soos melaats, leer ons oor 'n geestelike siekte - Sonde

1 Korinthiërs 15:46 Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike.

1 Korinthiërs 10:11 Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.

* Die Bybel is geskryf vir ons aan _____

www.biblepicturepathways.com

www.liginduisternis.com